



Roy Stamper se storie

Jy het seker al op straat of in 'n trein 'n prediker gehoor wat met groot entoesiasme vir mense van God se liefde, genade en verlossing vertel. Dalk was jy skepties omdat die Boodskap so anders as in jou kerk oorgedra word. Maar dis dalk juis so omdat hierdie mense dikwels van 'n baie harder en ongenaakbaarder agtergrond as die gewone kind moes leer oorleef.

Wat weet ons van hierdie mense se agtergrond en hoe hulle die Here leer ken het?

Roy Stamper is so 'n voorbeeld. Hy was 'n misdadiger wat deur God verander is en nou voltyds in diens van Arbeidsbediening, Transnet sy storie as getuie van God se omgee en kragtige liefde aan treinpassasiers vertel.

Op Donderdag, 4 September het 'n groep van Huis De Kuilen in Kuilsrivier na hom kom luister. Roy is 'n breedgeskouerde, lang Xhosaman met 'n oop gesig en vriendelike glimlag – 'n 'solid' kind van die Here, soos Carin Brink, streeksbestuurder van Arbeidsbediening, hom beskryf.

Roy is as driejarige seuntjie deur sy ma by sy tante agtergelaat waar hy en sy boetie baie stief behandel is. Hy kon dit as kind nie verstaan nie en het mettertyd verbitterd teen haar geword. Op 10-jarige ouderdom het hy begin steel toe hy ook, soos sy nefies, wou gaan swem. Hy het 2c uit sy tante se beursie geneem; 1c vir die swembad en 1c vir lekkers. Sy tante het hom byna doodgeslaan toe sy daarvan uitvind.

Sy was 'n Metodis en het hulle gereeld saamgevat kerk toe, maar in so 'n township beteken die kerk maar min en hy het gou maats gemaak met kinders wat in dieselfde bootjie was. Hy het vinnig in die maalkolk van misdaad beland – op 13 was hy reeds 'n bendelid en op 17 is hy tydens 'n geveg in sy maag en rug gestek; volgens die dokters sou hy nie weer kon loop nie. Nadat sy ma, pa en ander familie (selfs sy tante!) hom in die hospitaal kom besoek het, het hy egter begin besef daar is tog mense wat hom liefhet.

Nadat hy vir God om 'n tweede kans gesmeek het, en beloop het dat hy sy lewe sou verander as hy weer kon loop, kry hy weer lewe in sy bene terug. Sy goeie beloftes aan God loop egter op niks uit nie, en hy is weer deur sy bende-vriende omgepraat en by misdaad betrek. Hy lei weer 'n misdadige lewe wat veroorsaak dat hy in totaal vir 15 jaar in en uit die tronk was.

Nadat hy weer 'n keer in die tronk beland het, is hulle as gevangenes na 'n werkwinkel uitgenooi waar hulle gehelp sou kon word om 'n nuwe begin met hulle lewens te kan maak. Nadat een van die gevangenes wat 'n inbreker, verkrachter en moordenaar was aan hulle vertel het hoe die Here sy lewe nuut gemaak het, het Roy sy lewe finaal aan die Here oorgegee. Daar was ook 'n wit vrou, Mother Joy (soos Roy haar noem) wat hom toe uitgenooi het na hul Fellowship op Vrydae. Daar het hy God leer ken en deel van 'n geloofsgemeenskap geword. Mother Joy het Roy as haar seun aangeneem en toe hy in 2004 vrygelaat is, het sy aan hom klere en kos verskaf totdat hy vir homself onafhanklik kon sorg. Sy is vandag 89 jaar oud.

Roy is vanuit die tronk reguit na die treine om aan almal wat wou hoor sy merkwaardige storie van verlossing te vertel. Eendag het 'n man wat op die trein was, na Roy gekom en hom gevra om vir hom te bid. Hy het ook aan Roy genoem dat hulle onderneming iemand as treinprediker soek in die plek van die persoon wat gaan aftree. Dit was 'n nuwe deur wat vir Roy oopgegaan het!

Tydens die onderhoud het hy aan Carin Brink en Johan Botha van Arbeidsbediening sy hele CV-storie van misdaad vertel. Wat hy so waardeer is dat hulle hom 'n kans gegee en nooit veroordeel het nie. En so het hy sy amptelike Transnetbediening in 2007 begin. Hy is ook in daardie jaar getroud en hy en sy vrou het een dogtertjie van ses jaar oud.

Roy vertel hoe sy storie van verlossing aan baie ouers met kinders wat misdadige lewens lei hoop gee en hoe hy hulle van raad bedien. Sy groetwoorde aan Huis de Kuilen was: "God het jou lief en jy is 'n seën vir God. God het die gebed van 'n bejaarde lief."

Kontak Carin Brink by cbrink@kaapkerk.co.za vir meer inligting.

